

Eerste Netbalspan onoorwonne



Die eerste Netbalspan van Hoërskool Heilbron het hierdie netbalseisoen uitstekend gevaar. Hulle was onoorwonne in die liga en het HTS Sasolburg, AHS Sasolburg, Weiveld en Vaalpark oortuigend gewen. Die finale wedstryd het op Dinsdag, 21 Mei plaasgevind waar hierdie span dogters weer hul staat teen AHS moes wys. Hulle het as oorwinnaars uit die stryd getree met 31 - 24 punte en verteenwoordig nou die Fezile Dabi-streek op Vrystaatdag wat op 8 Junie in Bloemfontein plaasvind. Op die foto's verskyn die eerste netbal span in 'n "before" foto en 'n "after" foto. Op die foto bo is die netbalspan voor die wedstryd. Voor: Amané Watson (kaptein), Rethabile Monyai, Roxanne van Zyl, Jadene van Zyl en Juffrou Bertina van Rensburg (afgriger). Agter: Patricali van Staden, Juffrou Sarie Strydom (afgriger), Shamilla Poulton, Mienke Roos, Izany de Wit en Mienke Roos.



Op die foto bo die eerste netbalspan van Hoërskool Heilbron na hul oorwinning: Voor Jadene van Zyl en Rethabile Monyai. Agter: Juffrou Bertina van Rensburg (afgriger), Patricali van Staden, Izany de Witt, Amané Watson (kaptein), Shamilla Poulton, Mienke Roos, Roxanne van Zyl, Juffrou Sarie Strydom (afgriger) en mnr Peter Smith (skoolhoof).

HOËRSKOOOL HEILBRON, KWARTAAL 2: 2019


- 25 Mei - Hoërskool Heilbron Wintersportdag • 27 Mei - Sek. Netbal: Liga Finale (SHS)
- 29 Mei - Sek. Hokkie: Vanderbijlpark (weg)

Heilbronners neem deel aan Arnold Classic Africa

Die afgelope naweek het ses van Heilbron Martial Arts se leerlinge aan die Arnold Classic Africa (Internasionale Toernooi) by Sandton Convention Centre gaan deelneem.

Arnold Classic Africa is die land se grootste internasionale sport byeenkoms met meer as 80 verskillende sportsoorte wat oor drie dae plaasvind. Van die sportsoorte sluit in netbal, rugby, basketbal, bodybuilding, ringbal, baseball, darts, martial arts, waterpolo, sier-skaats, skaak, tennis, tafeltennis, volleyball, boogskeet en meer.

Die naweek het vir baie opwinding gesorg. Die leerlinge van Heilbron Martial Arts het aan die volgende items deelgeneem: Combat weapon sparring, Point stop sparring en Continuous sparring. Hulle het uitstekend gevaar en behaal die volgende plekke in die volgende ouderdom katogerie: Yonuscha Prinsloo (8), goud - Continuous sparring asook brons - Combat weapon sparring. Shandi Prinsloo (9), brons - Combat weapon sparring. Chanelle Engelbrecht (11), goud - Combat weapon sparring, silwer - Point stop sparring en sy verower ook brons - Continuous sparring. Annebel Bester (10), goud - Continuous sparring, silwer - Point stop sparring en nog 'n silwer - Combat weapon sparring.



Die volgende ses leerlinge van Heilbron Martial Arts het aan die Arnold Classic Africa Internasionale toernooi deelgeneem gedurende die naweek. Op die foto verskyn hulle met hul medaljes wat verower is. Voor: Gerhardt Engelbrecht en Marnus Botha. Agter: Yonuscha Prinsloo, Shandi Prinsloo, Chanelle Engelbrecht en Annebel Bester.



Op die foto bo van die deelnemers in aksie, saam Arnold Schwarzenegger, voormalige liggaamsbouer.

BEDANKING

Baie dankie aan San Jo's vir die borg van Heilbron Martial Arts klub se mooi hemde.



Op die foto volg van voor die leerders van Heilbron Martial Arts met hulle geborgde hemde: Marnus Botha, Riekert Marx, Chrizette Greeff, Yonuscha Prinsloo en Karli van Zyl. Middel: Yolandi Prinsloo (Sabum), Shandi Prinsloo, Zane van Zyl, Bea Binneman, Annebel Bester en Gerhardt Engelbrecht. Agter: Chanelle Engelbrecht, Annatjie du Plessis (Sanjo's) en Daan du Plessis (Sanjo's). Inlaas Theo Binneman (Sabum).

NOU... SLEGS R300!

Laaie die hele gesin in vir slegs R300

Drive in 31 Mei

Bring jou eie Piekniekmandjie

DRIVE-IN THEATER

Kontaktaanbieding met
Chips
Sandwich
Koffie
Hotchocolade

Hekke open om 18:00

Hoërskool Heilbron rugbyveld
www.versluijmeks.co.za

Elae voortavg ontvag in verwelkomingskaf gevolg met tale adverteerders aanbiedinge asook bederwe.

KONTAK | 0828546469

SLEGS 100 KAARTJIES BESKIKBAAR